# Liturgiese Riglyne

**<u>S O N D A G O G G E N D 09:00</u>**

## Uit die droë stomp sal daar vrugte kom

**Skriflesing**:
Jesaja 11:1-16

**Teksvers**:
Jesaja 11:1

**Sing**:
Ps 33:1, 2
Ps 130:2, 4
Ps 147:1, 2
Sb 8-1:1-2
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Die vyeboom word vervloek en verdroog omdat dit nie vrug dra nie. Tog is daar profeties uit die geskiedenis ook ‘n dieper betekenis aan ‘n droë stomp uit die geslag van Isai, waaruit daar ‘n loot sal groei wat vrugte dra. Wat beteken dit dat Israel ‘n droë stomp is? Watter loot is dit wat sal vrug dra?

Ons staan vanoggend stil by hierdie profesie uit Jesaja oor die koms van die Verlosser, wat ook nuwe lewe in ons wek.

**<u>S O N D A G A A N D 18:00</u>**

## Wedergeboorte verseker die ewige lewe

**Skriflesing:**
Tit 3:1-11

**Teksvers:**
Tit 3:5

**HK** Sondag 3

**Sing**:
Ps 145-1:1,2,10
Lied 514:1,2
Lied 464:3,4
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Het u al die volgende verskonings gehoor?

- Ons het onsself nie gemaak nie.
- Ek het nie gekies om gebore te word nie.

Maar volgens die Skrif is ons geskape…

- As beelddraer van God.
- Heerser oor die aarde.

<u>Dordtse leerreëls hfs 3,4 par 12</u>

"*Dit is die Wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmakend, waarvan die Skrif so heerlik spreek, wat God sonder ons in ons werk*."

Wat het die wedergeboorte dan nou ten doel?




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 05 13 Februarie 2022**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## ‘n Banier vir die volke

Toe die volk deur die woestyn getrek het, het elke stam ‘n banier gehad. Dit was ‘n vlag of embleem wat gedien het as aanwysing. Hierdie banier het die norme en waardes en identiteit van elke stam voorgestel. Ons vind dit vandag nog, dat baie maatskappye so ‘n embleem het. Selfs ‘n land se vlag is so ‘n banier. Wanneer jy die vlag of banier sien, dan weet jy onmiddellik waarvoor dit staan.

‘n Banier word gewoonlik hoog opgehys op ‘n paal sodat almal dit van ver af kan sien. So is die Christus ook ‘n banier. Hy wat self op die houtpaal gehang is tussen hemel en aarde, Hy is die banier, die teken van God se genade en vrede en oordeel!

Hy wys op die teken van God se verlossingswerk. Christus self is die banier wat ons norme en waardes vasstel. Hy is die vlagskip wat die weg oop baan waarop ons elkeen Hom moet navolg! By Hom sien ons die verskriklike oordeel van God oor die sonde, maar ons sien ook die uitnemende liefde van die Vader.

Hy is die teken van ‘n nuwe eksodus. Nie meer ‘n uittog uit Egipte na ‘n land van melk en heuning met voorspoed en welvaart nie, maar na ‘n ewige Kanaän. ‘n Land van vrede, waar die bome hulle vrugte gee, elke maand van die jaar. ‘n Land waar daar ware rus is, waar daar nie meer moeite en sweet is en vervloeking nie!

Hy sal sy banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom al die kinders van God wat verdryf is oor die oppervlaktes van die aarde. Christus self versamel sy kerk. Hy maak weer ‘n grootpad vir sy volk om hulle uit te lei uit die slawerny van die sonde. Hy koop hulle los van die vyand en die dood om onder sy vaandel, sy banier saam te kom.

Jesus Christus is die banier van ons sonde-vergifnis. Hy is die banier van ons vrede! Hy is die banier wat opgerig is waaronder ons kan skuil! Deur sy krag en genade het Hy die dood gesterf en aan ons die Gees gegee tot wysheid, verstand, raad, sterkte kennis en vrees van die HERE.

Gaan dan in Sy vrede, en leef onder Sy Banier!

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

Vrug van die Gees!

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 4, Ps 48:1 Volgende week: Les 5, Ps 48:1

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Dankbaarheidsfonds — Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Sustentasiefonds

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewing-bord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 078 442 40421

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**13 Februarie 2022**
C02 Lene vd Walt
B06 Hannelie Grobler
A01 Elize vd Berg

**20 Februarie 2022**
B04 Ronel Swanepoel
B05 Hester vd Merwe
B01 Thereza Myburgh



## Sustersaamstrek 2022

# Indien jy 'n suster se kaartjie wil borg om die saamtrek by te woon kontak asb vir Esme Groenewald, kruger.esme@gmail.com/082 872 4878.

# Indien jy graag wil bywoon maar kan nie 'n kaartjie bekostig nie kontak asb vir Esme Groenewald, kruger.esme@gmail.com/082 872 4878.



## Koningskinders-kamp

## 18—20 Maart

Indien u belang stel om saam te gaan kamp, skakel asb vir ds Lourens.

Ons benodig: groepleiers, 'n kosspan en adminbeamptes.

Ds Lourens 082 529 2330



## GKA Tentjie-aand

**Vrydag, 18 Feb om 17:00**

Kom slaap oor by die kerk!

Bring jou hele gesin saam en geniet 'n prettige aand by ons kerk.

Kontak Santie Coetzer 072 589 9448



## GTA

Kom sing saam
Sondagaand na kerk
Daar is lekker koek!!

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Solly Muhlarhi (Diaken van Engelse Diens) soek **tuinwerk en verblyf** nader aan kerk. Skakel hom by 079 356 9591/Hennie vd Walt 0829274326.

**Jennipher soek huishulpwerk** en indien moontlik verblyf. (Kook, koekbak, versorging van siek en bejaarde mense) Werk al 20jr by my Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Ek verkoop verskillende tipe braaihout**, volledige advertensie met pryse is op kennisgewingbord. Hennie vd Walt 0829274326.

## Juventus (18-24)

Woensdagaand 18:00

Ons nooi alle studente en matrieks om Woensdagaand saam met ons 'n wafel en roomys te kom geniet in die kerksaal.

## Ouventus (25-35)

Donderdagaande 19:00



# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13-Feb | Elsa | Opperman | C01 | 27832686241 |
| | Ryno | vd Merwe | E01 | 27828507861 |
| 14-Feb | Elna | de Bruin | A02 | 27836642050 |
| 15-Feb | Anton | Fourie | C05 | 27828379575 |
| | Anita | Snyman | B10 | 27723455880 |
| | Daniël | Swanepoel | C13 | 27832307436 |
| | Christa | Trichard | A03 | 27832605185 |
| 16-Feb | Mossie | Buys | A13 | 27793731513 |
| | Gerrit | Deist | B15 | 27832574306 |
| | Werner | vd Walt | A05 | 27823086238 |
| 17-Feb | Wilna | Algera | B06 | 27721340327 |
| | Craig | v Aswegen | B18 | 27829212718 |
| | Liana | van Zyl | C13 | 27832724884 |
| 18-Feb | Philip | Henning | A10 | 27723117687 |
| | Werner | Pretsch | C14 | 27837906082 |
| | Chris | vd Walt | C15 | 27849045502 |
| | Louisa | vd Walt | C12 | 27825760692 |
| 19-Feb | Marietjie | Smit | C08 | 27828626468 |
| | Janes | van Rooy | B02 | 27827711518 |
| | Sanmari | Venter | A04 | 27714855995 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13-Feb | Carla | van Brakel | E01 | 27827876497 |
| | Regardt | vd Riet | C15 | 27829246759 |
| 15-Feb | Carla | Venter | C06 | 27829401555 |
| 16-Feb | Talia | Grimsehl | C09 | 27732595552 |
| 17-Feb | Philip | Maré | C15 | 27792587040 |
| 19-Feb | Adriaan | Erasmus | C09 | 27828833389 |
| | Mikayla | Gentle | B01 | 27824646893 |
| | Righardt | Smidt | C09 | 27824064266 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

"Kom na My toe,..." Matt 11:28

- **Meelewing** word betuig met familie en vriende van Sakkie van Wijk wat gedurende die week begrawe is.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Kerkkamp

**22-24 April**
Hou die datum oop.

Volledige besonderhede
in volgende week
se Kommunikaatjie.

## *Alethea Outreach*

***11:00***

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/